Verwysing: 20171013-5785
12/12/41/1
Navrae: LR Abrahams

Omsendbrief: 0043/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Prinsipale van gewone openbare skole

Kort opsomming: *Om skole in te lig oor 'n basiese funksie op SOBIS om oor die herwinning van handboeke te rapporteer.*

Onderwerp: Voltooiing van 'n basiese handboekherwinningsverslag – SOBIS

1. 'n Groot deel van norme-en-standaarde-befondsing word jaarliks gebruik om leerders in alle grade van handboeke te voorsien.

2. Prinsipale, opvoeders, leerders en ouers is verplig om na hierdie boeke om te sien en hierdie boeke te herwin sodat dit oor 'n tydperk van 3 tot 4 jaar gebruik kan word.

3. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement is verplig om jaarliks 'n verslag oor die herwinning van handboeke aan die Departement van Basiese Onderwys voor te lê en om vir ouditdoeleindes rekord te hou.

4. Skole word versoek om 'n basiese verslag op SOBIS te voltooi en af te teken om aan te dui hoeveel handboeke aan leerders uitgereik en hoeveel per graad herwin is.

5. Die verslag moet tussen 27 November 2017 en 12 Desember 2017 voltooi word.

6. Om toegang tot die vasleggingskerm op SOBIS te verkry, gaan na:
   - die ***"Administration"*** oortjie; en
   - kies ***"Textbook Retrievals"*** in die aftreklys en voltooi.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-11-04